# VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**NOVEMBER 2017**

**TOTAAL: 80**
**TYD: 2 UUR**

---

**INSTRUKSIES:**

- Begin Afdeling A, B en C elkeen op ŉ nuwe kant van die bladsy.
- Laat ŉ reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gebruik slegs blou of swart ink.
- Skryf jou naam en van, die datum (November 2017), die opskrif (Vraestel 1), die Afdelingnommer (Afdeling A of B of C) en jou onderwyser(es) se voorletters bo-aan elke afdeling:

---

## AFDELING A: BEGRIP

## VRAAG 1:

### Slaap jou tiener gereeld laat in die oggend?

1 Volgens onlangse navorsing wat gedoen is, kan tieners dalk soggens vroeër opstaan as hulle saans elektroniese toestelle, soos rekenaars, selfone en tablette en die kunsmatige lig wat deur hierdie toestelle vrygestel word, vermy. Daarmee saam moet hulle ook meer tyd in die buitelug deurbring.

2 Navorsers aan die Universiteit van Surrey en die Harvard-mediese skool glo kunsmatige beligting speel ŉ groot rol by die feit dat Westerse tieners laat uit die vere kom.

3 Hulle het ŉ studie onderneem waarby 250 000 Europeërs en twee stamme uit Afrika betrokke was en hul slaapgewoontes vergelyk. Hulle het gevind dat tieners die ouderdomsgroep is wat die meeste deur lig beïnvloed word en dat blou ligskerms en kunsmatige lig hul biologiese horlosies beïnvloed. Biologiese horlosies help met die regulering van die sirkadiese ritme. Hierdie ritme help om vir die liggaam te sê wanneer jy nou eintlik in die kooi hoort.

4 Die jonger geslagte in die jagter-versamelaarstamme, wat hul tyd in die buitelug deurbring en gewoond is aan natuurlike lig, staan maklik teen dagbreek op.

5 Dr. Anne Skeldon, die hoofskrywer, het daarop gewys die studie bewys tieners is nie "geprogrammeer" om laat op te staan nie, en dat stappe soos om hul foon en tablet saans te bêre, kan help om opstaan en studeer in die oggend makliker te maak.

6 "Tieners sien nie veel natuurlike lig nie, want hulle is heeldag by die skool. Aangesien dit vir hulle makliker is as vir ander ouderdomsgroepe om laat te gaan slaap, hou hulle hul ligte aan en gebruik slimfone en tablette tot in die laatnagure," het sy die resultate verduidelik. Dit is in die tydskrif *Scientific Reports* gepubliseer.

© e-classroom 2017

7 “Vorige navorsingstudies het aangedui blou lig uit hierdie toestelle het ŉ besonder sterk uitwerking op ŉ mens se biologiese horlosie. As hierdie tieners jagter-versamelaars was, en nie elke aand aan hierdie kunsmatige lig blootgestel was nie, sou nie een van hulle later as ander mense slaap nie.”

8 Hierdie studie volg ná ŉ studie wat verlede jaar deur King’s College in Londen en die Universiteit van Cardiff begin is en wat ouers waarsku om alle elektriese toestelle uit kinders se kamers te verwyder ten einde ŉ goeie nagrus te verseker.

Verwerk vanuit: http://www.huisgenoot.com

1.1 Watter TWEE FAKTORE dra daartoe by dat tieners te laat opstaan? Skryf in TWEE APARTE sinne.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

1.2 Kies die korrekte antwoord

1.2.1 Hierdie artikel is ŉ (feit/mening). (1)

1.2.2 Bewys jou antwoord deur DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan te haal.

______________________________________________ (1)

1.3 Waarom moet tieners meer tyd in die buitelig spandeer?

______________________________________________ (1)

1.4 Aan watter instansie is die navorsing gedoen?

______________________________________________ (1)

1.5 Verduidelik IN JOU EIE WOORDE die funksie van sirkadiese ritme.

______________________________________________ (1)

1.6 Op watter TWEE teikengroepe is die studie gedoen?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

1.7.1 Watter groep jongmense staan wel makliker op? ______________________ (1)

1.7.2 Waarom staan hulle makliker op? ______________________ (1)

1.8 Verskaf ŉ sinoniem vir die woord “adolessent” (maar nie jongmens nie) vanuit die teks.

______________________________________________ (1)

1.9 Skryf die afkorting van Dr. Anne Skeldon se akademiese titel voluit.

______________________________________________ (1)

© e-classroom 2017

1.10 Watter TWEE redes gee die skrywer van die artikel waarom tieners blootgestel word aan kunsmatige lig.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (2)

1.11 In watter publikasie is hierdie navorsing gepubliseer?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (2)

1.12 Wat, volgens jou, is jagters-versamelaarstamme?

______________________________________________________________________________ (1)

1.13 Watter TWEE instansies het hierdie navorsing aanvanklik van stapel gestuur?

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________ (2)


1.14 Watter verandering dink jy wil hierdie navorsing hê moet gebeur?

______________________________________________________________________________ (1)

© e-classroom 2015

**TEKS B: INFOGRAFIEK: VELKANKER**

**Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.**




Verwerk uit: www.grafika24.com

1.15 Skryf die afkorting SBF voluit: "Gebruik sonbrandroom met 'n SBF van 20 - 30..."

_______________________________________________ (1)

© e-classroom 2017 

1.16 Mense met watter twee kenmerke, behalwe velsoort, brand die heel maklikste?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

1.17 Rangskik mense met die oogkleureienskappe vanaf die wat die maklikste tot moeilikste brand:

A - Donkerbruin oë ____________________________________________

B - Blou oë ____________________________________________

C - Groen oë ____________________________________________ (3)

1.18 Wat is volgens die artikel die verskil tussen sonbrand en sonbruin?

______________________________________________________________________ (1)

1.19 Wat word bedoel met die sin: "sonbrand is nie ŉ gesonde gloed nie"

______________________________________________________________________ (1)

1.20 Dink jy bewusmakingsveldtogte oor sonbrand gaan mense keer om nie te sonbaai nie? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________________________________ (1)

**Totaal vir Afdeling A: 30**

# AFDELING B: OPSOMMING

# VRAAG 2:

- Skryf SEWE redes neer waarom tegnologie goed kan wees.
- Skryf die sinne puntsgewys en in VOLSINNE onder mekaar.
- Onthou om ŉ reël oop te laat na elke feit.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.

**TEKS C: Redes waarom tegnologie goed kan wees**

Soos enige SuperMa met tieners of voortieners wonder jy seker soms wat met jou geliefde kinders se ontwikkeling gebeur wanneer hulle voor ŉ rekenaar- of TV-skerm vasgenael is. Ontspan ŉ bietjie, Ma; dit is dalk goed vir hulle.

TV-skerms en sosiale media ontwikkel hul politieke en sosiale bewustheid as hulle op die hoogte bly van nuus, aktuele sake en dokumentêre.

Sosiale netwerke maak tieners meer geheg aan hul portuurgroep. Onderwysers en ander volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie; jongmense is gemotiveer om aanlyn by ander van hul portuurgroep te leer.

© e-classroom 2017

Hulle kan hul lees- en skryfvaardighede en kritiese denke ontwikkel. Dit gebeur met blogs, geselskamers en deelname aan aanlynbesprekings, soos op opvoedkundige- of nuuswebtuistes.

Musiek, flieks en sosiale media gee jou tiener die kans om plekke, mense, idees, sake en kulture te verken wat hulle andersins nie sou kon sien nie. Dit is ook ŉ goeie manier om jou kind aan diversiteit bloot te stel en hulle te inspireer om nuwe aktiwiteite en nuwe idees te verken.

Tegnologie laat tieners toe om hul eie video's, foto's en ander inhoud op ŉ kreatiewe, innoverende en inspirerende manier te deel.

In ŉ paar eksperimente wat spelers met nie-spelers vergelyk, het navorsers bevind mense wat gereeld videospeletjies speel, het skerper visie en vinniger reaksietye. Hulle kan ook meer as een ding gelyktydig doen en hul aandag word nie so gou afgetrek nie.

Sosiale verbindings maak jongmense meer verhouding-georiënteerd, bedagsaam en empaties. Navorsers het bevind dat tieners wat aktiewer op sosiale netwerke soos Facebook is meer virtuele empatie toon – hulle is meer geneig om ondersteunend en aanmoedigend te wees. Hulle skep ook langtermynvriendskappe aanlyn, al is hul vriende fisiek vêr verwyderd.

Daar is mense wat deur tegnologie gemotiveer word – dit gee hulle die geleentheid om nuwe belangstellings te ontwikkel wat hulle gewoonweg nie sou nie, soos fotografie, videografie, skryf of selfs sing.

© e-classroom 2017


**Totaal vir afdeling B: 10**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D:**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.



3.1 Wie is die adverteerder?

_______________________________________________ (1)

3.2 Wat is die slagspreuk van hierdie maatskappy?

_______________________________________________ (1)

3.3 Noem TWEE maniere waarop die foto aansluit by die boodskap van die advertensie.

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

3.4 Noem DRIE wyses waarop Sanlam Afrikaans ondersteun.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________ (3)

3.5 Kies die korrekte standaard Afrikaanse woord:
Melktert maak my (maag/mag) vol. (1)

3.6 Skryf die korrekte byvoeglike naamwoord neer:
Sanlam gee (finansies) advies.

_______________________________________________ (1)

3.7 Gee die **vergrotende trap** van die woord in hakies:
Sanlam is (goed) as ander maatskappye.

_______________________________________________ (1)

**(10)**

## VRAAG 4: STROKIE

### TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit




Verwerk uit:
www.google.co.za

4.1 Skryf die volgende sin in die toekomende tyd: My nuwe werk is verskriklik erg!

_______________________________________________ (1)

4.2 Kyk na die spotprent:

4.2.1 Is hierdie uitbeelding DENOTATIEF of KONNOTATIEF?

_______________________________________________ (1)

4.2.2 Motiveer jou antwoord by 4.2.1.

_______________________________________________ (1)

4.3 Gee die konnotatiewe betekenis van die idioom:
Byt net vas.

_______________________________________________ (1)

4.4 Verbeter die taalfout by die tweede stel tande.

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

4.5 Verander die volgende sin:
Mens moet regtig hare op jou tande hê.
Begin so: Mense behoort...

_______________________________________________ (1)

4.6 Identifiseer ŉ intensiewe vorm vanuit die teks.

_______________________________________________ (1)

4.7 Skryf die basisvorm van die woord "nuwe" neer.

_______________________________________________ (1)

4.8 Vind jy sulke spotprente humoristies? Motiveer jou antwoord.

_______________________________________________ (1)

**(10)**

# VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

## TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

© e-classroom 2017



## Treffermasjien en vervaardiger

Selena (24) het in 2009 die sprong na musiek gemaak met haar (5.2.1 debuut+album), Kiss & Tell, saam met haar groep, The Scène. Dit was ŉ (5.2.2 hit) en het die top 10 van die Amerikaanse Billboard 200-albumtrefferlys gehaal. Sy het sedertdien nog musiek uitgereik en op die trefferparades geboer. Haar tweede solo-album, Revival het topsnitte soos Good for you, Same Old Love en Hands to Myself, ingesluit. Haar jongste snit, It Ain't Me, saam met die Noorse DJ Kygo (25), is ook ŉ treffer. En tussendeur het sy nog kans gekry om ŉ nuwe tienerreeks oor afknouery, 13 Reasons Why, vir Netflix te vervaardig.

5.1 Gee een woord vir die volgende omskrywings:

5.1.1 Die persoon wat vir die akteurs en aktrises sê hoe hulle moet toneelspeel ______________ (1)

5.1.2 ŉ Persoon wat films beoordeel en dan ŉ ______________ (1)
ŉ artikel daaroor skryf

5.1.3 Die persoon wat musiek maak. ______________ (1)

5.2 Gee die korrekte woord tussen hakies:

5.2.1 Selena het haar (debuut+album) vrygestel. ______________ (1)

5.2.2 Dit was ŉ hit. ______________ (1)

5.3 Gee ŉ sinoniem vanuit die teks vir die onderstreepte woorde:

5.3.1 Van toe af het die reeks baie goed gedoen. ______________ (1)

Bullebakkery is ŉ groot probleem in skole! ______________ (1)

5.4 Lees die onderstaande sinne en analiseer dan soos gevra:

**Sy het sedertdien nog musiek uitgereik.**

5.4.1 Identifiseer die gesegde.

______________ (1)

5.4.2 Identifiseer die bywoordelike bepaler van tyd.

______________ (1)

5.4.3 Identifiseer die onderwerp.

______________ (1)

5.4.4 Brei hierdie sin uit met ŉ bywoordelike bepaler van plek

______________ (1)

© e-classroom 2017

5.5 ***Die film begin Vrydag in Kaapstad draai***

5.5.1 Identifiseer die lidwoord.

______________________________________________________________________ (1)

5.5.2 Verander die sin na die infinitief. Begin so: Die film behoort….

______________________________________________________________________ (1)

5.6 Verbind die sinne met die gegewe voegwoord.

5.6.1 Selena speel in 13 Reasons Why. Sy voel passievol oor tienerselfmoord. (omdat)

______________________________________________________________________ (1)

5.6.2 Selena is ŉ sangeres. Sy kan ook toneelspeel. Begin so: Alhoewel…

______________________________________________________________________ (1)

**(15)**

# VRAAG 6:

## TEKS G

Kyk na die volgende uittreksel uit ŉ tweetalige woordeboek en beantwoord dan die vrae wat volg.

**teel**[1], ww. (geteel). **1.** Diere laat vermeerder deur paring: *Vee, skape teel. Stoetramme teel.* **2.** (*plat*) [Te veel] kinders verwek: *Hoe agterliker hoe vinniger teel hulle.*

**te'ël**[2]. I s.nw. (-s). [Vierkantige] plat steen van gebakte klei, gebruik om dakke, mure, vloere, ens. te dek: *Sierteëls vir 'n badkamer. 'n Nuwe tipe plastiekteël vir die kombuisvloer.* Vgl. DAKPAN. II ww. (geteël). Met teëls dek, beklee: *'n Geteëlde muur.* [L. *tegula; tegere* dek]. **teël: ..bakker(y), ..dak, ..dekker, ..lêer, ..muur, ..vloer, ..werk.**

**teel** v. **breed** (brie̲d) en **raise** (ry̲z) aanteel (bv. diere vir die vleismark); **cultivate** (kal'tiewyt) en **raise** (ry̲z) kweek, verbou (bv. plante); **grow** (ghrou) laat groei; **generate** (dje'niryt) in die lewe roep, genereer; **sire** (saai'i(r)) en **beget** (bieghet') en **father** (vah'th̲i̲(r)) verwek, voortbring (bv. afstammelinge).

**graag.** I bw. (liewer, liefste). **1.** Met genoeë, gretigheid, plesier: *Ek loop graag.* **2.** Woord wat 'n mens gebruik om aan te dui dat wat deur die werkwoord gesê word, jou genoeë gee, begeer word: *Ek sien hom graag. Ek wil graag hê dat jy dit nie doen nie.* **3.** Gewillig, geredelik, bereidwillig: *Ek wil jou graag help.* II tw. Met genoeë; asseblief: „*Wil jy koffie hê?*" „*Ja, graag!*"

**graag'te.** Gretige genoeë, ywer; gretigheid: *'n Aanbod met graagte aanneem. Iets met graagte doen.*

**graag** *liewer liefs(te), graagste* gladly, readily, willingly; eagerly; **graag!** with pleasure!, yes, please!; *hy speel ~ tennis* he loves to play tennis; *ek sou ~ wil weet* I should like to know; *dis ~ gedoen (ek doen dit ~)* it is a pleasure, you're welcome; *ek wou nie ~ ...* I did not like to ...; *hoe ~ ek ook al sou wil* much as I would like to. **~skrywer** would-be writer. **graag'te** eagerness, zest, alacrity.

6.1 Ek wil (graag) tennis speel as sit en lees.

______________________________________________________________________ (1)

6.2 Vertaal: She loves to bake cake.

______________________________________________________________________ (1)

6.3 Verdeel die woord teël in lettergrepe en onderstreep die lettergreep wat die klem dra.

______________________________________________________________________ (1)

6.4 Gee die meervoud van teël.

________________________________________ (1)

6.5 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd: Ek sit en lees.

________________________________________ (1)

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80**

© e-classroom 2017